# DIE BYBEL EN ONS
# BYDRAES

DR WILLIE MARAIS • PREDIKANT
IN SINODALE DIENS MET OPDRAG
AMPSBEDIENING EN EVANGELISASIE

NGKB

NG KERKBOEKHANDEL 1988 (EDMS) BPK

Kopiereg 1988 © NG Kerkboekhandel 1988 Edms Bpk
Posbus 245, PRETORIA
Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie
publikasie mag gereproduseer word in enige vorm,
of oorgedra word hetsy elektronies,
meganies, fotostaties, of per bandopname,
sonder die nodige skriftelike toestemming nie.

Eerste druk 1988

ISBN 0 7987 0511 6
BUITEBLAD: A.M. Design

Geset in 11 op 12 pt Garth Graphic
Geset, gedruk en gebind deur
V&R Drukkery (Edms) Bpk., Pretoria

# INHOUD

1. Kain en Abel ..... 1
2. Werklike offers ..... 2
3. Ons is rentmeesters ..... 2
4. Ons hoogste prioriteit in verband met ons bydraes ..... 3
5. In die Ou Testament en in die Ou Verbond ..... 4
6. In die Nuwe Verbond ..... 4
7. Die Kerk ontvang ons bydraes ..... 5
8. Die doel van ons bydraes ..... 5
9. Die bronne van ons bydraes ..... 5
10. Die wyses van insameling en die besteding van ons bydraes ..... 5
11. Altyd genoeg fondse beskikbaar! ..... 7
12. 'n Sentrale geldkas? ..... 7
13. Die armes ..... 8
14. Die evangeliedienaars ..... 9
15. 'n Tentmakersbediening? ..... 9
16. Die gee van tiendes? ..... 10
17. Debietorders ..... 12
18. Verdienstelikheid van ons gawes? ..... 12
19. Die vérloste as offergawe ..... 12
20. Die loon wat ons ontvang ..... 13
21. Skrifgedeeltes wat pertinent oor bydraes handel ..... 13
22. Riglyne vir lidmate ..... 17
23. Riglyne vir die kerkrade ..... 18
24. Stellinge ..... 22

## 1. KAIN EN ABEL

**Van die vroegste dae af het die mens offers van dank aan God gebring.** In Genesis 4:2-5 lees ons: "Abel was 'n veeboer en Kain 'n saaiboer. Na verloop van tyd het Kain van die opbrengs van die land 'n offer aan die Here gebring. Abel het dit ook gedoen, van die eersteling uit sy kudde, van hulle vet. Die Here het vir Abel en sy offer aangeneem, maar nie vir Kain en sy offer nie."

Hieruit kan ons al aflei dat God 'n welbehae daarin het dat die mens Hom uit sy besittings eer, maar dat Hy nie noodwendig elke offer aanvaar nie.

Die feit dat die Skrif leer dat die Here **Abel en sy offer** aangeneem het en dat Hy **Kain en sy offer** nie aangeneem het nie, **wys daarop dat die offeraar en sy offer nie van mekaar losgemaak kan word nie:** "Omdat Abel geglo het, het hy 'n beter offer aan God gebring as Kain. Vanweë Abel se geloof het hy van God bevestiging ontvang dat hy 'n opregte man is, want God het sy offers aangeneem" (Heb. 11:4).

Dit is van groot betekenis as Paulus van die Masedoniërs getuig dat hulle hulleself eers aan die Here gegee het en daarna gehoor gegee het aan die oproep van Paulus en Timoteus, en selfs bo hulle vermoë vir die arm Christene in Judea bygedra het (2 Kor. 8:1-6). **'n Karige offer kan dus 'n weerspieëling wees van 'n gebrekkige verhouding tussen 'n lidmaat en sy Verlosser, en 'n ruim bydrae van 'n volkome oorgawe aan God en aan Sy Woord.**

Soos God nie vir Kain en sy offer aangeneem het nie, word telkens in die Skrif aangetoon dat God nie alle offers aanvaar nie. "Die Here het 'n afsku in die offers van goddeloses, te meer as hulle dit bring met slegte bedoelings" (Spr. 21:27; vgl. Jes. 1:13-15; Hand. 8:18-20). God kan nie deur ons offers gepaai word nie (1 Sam. 15:9-23; Ps. 51:18, 19; Miga 6:6-8). Ons kan nie maar in sonde lewe en dink dat ons deur ons bydraes God tevrede kan stel nie. "As iemand hom doof hou vir die wet van die Here, sal die Here 'n afsku hê van so 'n man se gebed" (Spr. 28:9).

Die feit dat God Abel en sy offer aangeneem het (Gen. 4:4, 5), wys daarop dat God ons bydraes wil aansien. Aan Kornelius het die engel gesê: "God het gelet op jou gebede **en op wat jy vir die armes doen**" (Hand. 10:4). Ons bydraes kan vir Hom welgevallige offers wees (Fil. 4:10, 6-18), maar dan moet dit goeie offers wees (Lev. 22:21, 22; Deut. 15:21; 17:1; Mal. 1:7-9), anders het die offers geen

waarde nie (Mal. 1:10). Dit kan selfs vir die een wat offer tot 'n vloek verander word (Mal. 1:14).

Die een wat offer moet homself eers aan die Here gee en daarna sy offergawe (vgl. 2 Kor. 8:5), anders word daar met hout, hooi en stoppels eerder as met goud, silwer en kosbare stene gebou (1 Kor. 3:9-15). **Elke bydrae moet telkens die een wat gee die daad van volkome oorgawe aan die Here laat smaak.** Ons gee onsself aan Hom in die gawe van ons liefde soos die vrou wat Hom met baie kosbare salf gesalf het (Matt. 26:6-13). Ons het baie lief, omdat ons baie van Hom ontvang het (Luk. 7:36-47). **Hebsug en gierigheid** daarenteen is niks anders as afgodery nie (Luk. 12:15-21; Ef. 5:5; 1 Tim. 6:10).

## 2. WERKLIKE OFFERS

**Ons bydraes moet werklike offers wees. 'n Offer is iets wat jy voel dat jy gee. 'n Mens kan uit jou oorvloed baie gee sonder dat jy voel dat jy gee. Dan is dit nog geen offer nie.** Om hierdie rede het die Here Jesus die arm weduwee wat slegs twee muntstukkies in die offergawekis gegooi het teenoor die rykes wat baie geld ingegooi het, só geprys: "Dit verseker Ek hulle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis gegooi het. Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe" (Mark. 12:43, 44). Dit was haar hele dag se salaris. Sy moes een dag sonder iets te ete bly om iets te kon gee. Dit was 'n offergawe welgevallig vir die Here. **Ja, God beoordeel elke gawe na die middele waaroor ons beskik** (2 Kor. 8:12).

## 3. ONS IS RENTMEESTERS

**Alles behoort in elk geval aan die Here** (Ps. 24:1; 50:9-13; Hag. 2:8; Lev. 25:23). **Hy deel uit soos Hy wil** (Eks. 3:17; Deut. 8:18). **Hy skenk sy gawes soms met 'n ongelyke hand** (1 Sam. 2:7) **sodat dié wat het, kan gee aan dié wat nie het nie en daar gelykheid kan wees** (2 Kor. 8:12-15; Eks. 16:16-18; 1 Kor. 12:20-25) **en die gawe van mededeelsaamheid tot uitdrukking mag kom, 'n daad waarin die Here 'n welbehae het** (Heb. 13:16).

In 1 Kron. 29:14 lees ons: "Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het."



**Ons is dus niks anders nie as rentmeesters of bestuurders van dit wat die Here aan ons sorg toevertrou het.** Hy mag alles van ons eis. Vir die ryk jongman het Jesus gesê: "Gaan verkoop alles wat jy het, en gee die geld vir armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê" (Mark. 10:21). Die Here kan alles van ons laat wegneem soos wat met Job gebeur het (Job 1:12-19). Onder sodanige omstandighede gee Hy ook aan die gelowige die genade om soos Job te kan sê: "Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here" (Job 1:21); of om soos die Hebreërs te reageer van wie ons lees: "toe op julle besittings beslag gelê is, het julle dit met blymoedigheid aanvaar omdat julle geweet het dat julle 'n besitting het wat beter en blywend is" (Heb. 10:34).

Omdat God die Eienaar van alles is, kan Hy aan ons as sy skepsele sê: "As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van 'n arm mens, sal jý ook nie antwoord kry as jý roep nie" (Spr. 21:13). En: "Wie aan een van hierdie geringstes net 'n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sál sy beloning kry" (Matt. 10:42). Ook: "Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang" (Luk. 16:9).

**Die Here maak soms van ons besittings gebruik sonder om ons toestemming te vra** (vgl. Luk. 5:1-3), **maar nooit sonder dat Hy ons daarvoor oorvloediglik beloon nie** (vgl. Luk. 5:1-9).

## 4. ONS HOOGSTE PRIORITEIT IN VERBAND MET ONS BYDRAES

In die Ou Testament is die volgende voorskrif aan die gelowiges gegee: "Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn" (Spr. 3:9, 10). **Hier word die eerstelinge van al ons inkomste bedoel. Dit beteken dat ons gawes aan die Here eers afgehandel moet word, en ons begroting daarna uit dit wat oorbly vir ons daaglikse behoeftes en beplanning opgestel moet word.** Aan hulle wat hul sake op dié wyse reël, word die belofte gemaak dat hulle skure oorvol sal wees en hulle parskuipe sal oorloop van wyn.

Die Skrif is oor een saak baie duidelik: "Gee, en vir julle sal gegee word" (Luk. 6:38; Spr. 28:27). En: "wie volop saai, sal volop oes" (2 Kor. 9:6). Ons bydraes sal honderdvoudig deur God vergeld

word (Mark. 10:9, 19). Die boer moet eers die land versorg, dan moet hy plant of saai; eers daarna kan hy 'n oes verwag. Ons moet ook eers gee voordat ons kan ontvang!

## 5. IN DIE OU TESTAMENT EN IN DIE OU VERBOND

**Verskillende gawes is as 'n godsdienstige handeling beskou wat 'n wesenlike deel van die Ou-Testamentiese erediens uitgemaak het.** In sodanige gevalle is die bydraes, waar moontlik (Deut. 12:21; 14:24 e.v.), in natura of kontant na die heiligdom gebring (Deut. 12:5, 6, 11-14; Lev. 27:30-33; Mal. 3:10). **Die bydraes in die Ou Testament en in die Ou Verbond was steeds 'n weerspieëling van 'n algehele oorgawe, van dankbaarheid en van mededeelsaamheid.** Dit het ook verband gehou met bepaalde liturgiese elemente soos die gebed, die loflied, die wet, die versoening van sondes en die seën van God wat oor die offeraar uitgespreek word. **Dit was nie toelaatbaar om met leë hande voor die Here te verskyn nie** (Eks. 34:20; Deut. 16:16). Offers is gebring as teken van dank en aanbidding van God vir besondere seën wat ontvang is.

Die vrywillige bydraes het die karakter vertoon van algehele vrywilligheid en is aan God gebring uit die hart van die vrome (1 Kron. 29:9; vgl. 2 Kor. 8:4).

## 6. IN DIE NUWE VERBOND

**In die Nuwe Verbond is die bydraes aan die besondere ampte toevertrou** (Hand. 4:27; 5:2; 6:1-5; 11:29, 30). Dit het nie al die bydraes gegeld wat aan die armes bestee is nie. Dit kon bestee word soos wat die behoefte ontmoet word (Spr. 19:17; 28:27; Gal. 2:10; Jak. 2:15, 16), of dit kon by die een gemeente ten bate van 'n ander ingesamel word (2 Kor. 8 en 9). In sodanige gevalle het die bydrae nie noodwendig met die erediens saamgeval nie (vgl. 1 Kor. 16:1-4), alhoewel die bydraes ook in dié geval nie van die godsdienstige aspek losgemaak is nie. Dit moes byvoorbeeld op Sondag deur elkeen self opsygesit en gespaar word (1 Kor. 16:2). Daar is dade van liefdadigheid wat so gedoen word dat die linkerhand nie weet wat die regterhand doen nie (Matt. 6:1-4), en hierdie dade is nie noodwendig aan die erediens gekoppel nie.



## 7. DIE KERK ONTVANG ONS BYDRAES

**Die Kerk ontvang dus die bydraes** (Hand. 4:32-37) **en hanteer dit** (Hand. 6:1-6). **Die Kerk doen sy werk met die bydraes wat ontvang word** (Hand. 2:44, 45; 4:31-37), **maar soms ook sonder bydraes.** Toe 'n bedelaar van Petrus en Johannes 'n aalmoes vra, is aan hom gesê: "Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!" (Hand. 3:6).

**Die Kerk aanvaar dus bydraes soos Christus en die dissipels ook gedoen het** (Mark. 15:41; Luk. 8:3; Fil. 4:10, 16-18). **Die Kerk kan bydraes egter ook weier.** Toe Simon, die towenaar, die apostels geld aangebied het in ruil vir die bevoegdheid sodat elkeen wat hy die hande oplê die Heilige Gees kan ontvang, het Petrus vir hom gesê: "Gaan na die verderf met jou geld en al! Dink jy jy kan die gawe van God met geld koop?" (Hand. 8:18-20).

## 8. DIE DOEL VAN ONS BYDRAES

Die Kerk mag bydraes ontvang vir:

i die daaglikse onderhoud van die geestelikes en die amptenare wat in diens geneem word;
ii die oprigting en instandhouding van die kerklike geboue;
iii die diens van barmhartigheid;
iv Evangelisasie en Sending;
v alle kerklike dienswerk in plaaslike en in breër verband;
vi alle sake waaroor die Kerk van tyd tot tyd mag besluit.

## 9. DIE BRONNE VAN ONS BYDRAES

Die Kerk ontvang bydraes uit dankoffers van lidmate, eredienskollektes, deurkollektes, basaars, verkopings, projekte, staatstoelaes, erflatings, ensovoorts.

## 10. DIE WYSES VAN INSAMELING EN DIE BESTEDING VAN ONS BYDRAES

**Die dankoffer word òf deur die lidmate na die erediens gebring, òf dit word deur die diakens by die huise afgehaal.** Vir albei gebruike kan 'n beroep op die Skrif gedoen word (vgl. Mal. 3:10

met 2 Kron. 34:9). Die **eredienskollektes** knoop aan by die beginsel wat byvoorbeeld in Deut. 16:16 neergelê is, naamlik dat niemand met leë hande voor God mag verskyn nie. **Deurkollektes** kan in orde wees, indien dit nie 'n vaste gebruik is nie. Dit moet hier eerder gaan oor aangeleenthede wat onverwags opduik en waarvoor daar nie begroot is nie. **Basaars, verkopings en projekte** bind nie alleen die gemeente saam nie, maar gee aan lidmate die geleentheid om hulle spesifieke talente en gawes in samewerking met die ander lidmate in diens van Kerk en Koninkryk te gebruik (Rom. 12:4-8). Sodanige pogings moet egter nie ander geleenthede soos **wyksbyeenkomste, gemeenteaande en gemeentekampe** vervang nie. **Staatstoelaes** is vir sommige dienste onontbeerlik en moet verwelkom word, behalwe as die gebruik sodanig ontwikkel dat staatsinmenging of -oorheersing daardeur veroorsaak word. **Erflatings** behoort steeds aangemoedig te word.

**Sterker gemeentes** is in tye van ekonomiese verswakking aangespoor om ander gemeentes in hulle finansiële nood by te staan (Hand. 11:29, 30; 1 Kor. 16:1-4; 2 Kor. 8 en 9). In ons dag word sodanige dienste uit **Sinodale Bedieningsfondse** gelewer, alhoewel dié fondse gewoonlik nie sterk genoeg is om dié behoeftes na behore te ontmoet nie. Soos daar verskillende krisisse opduik, word **bepaalde noodfondse** geloods om die spesifieke probleem die hoof te probeer bied. Beroepe is al op sterker gemeentes gedoen om die een of ander gemeente onder hulle beskerming te neem of om bepaalde projekte te finansier. Hier kan verwys word na gemeentes waar, as gevolg van industriële ontwikkeling, skielik 'n groot getal nuwe lidmate toestroom en die gemeente nie in staat is om alleen dié situasie te hanteer nie. Dit geld ook kwynende gemeentes op die platteland of in die middestad wat in 'n oorlewingskrisis gedompel word en van uitbreiding of die spaar van fondse geen sprake is nie.

**Verdienstelike sake** ontvang die toestemming om 'n beroep op gemeentes te doen vir vrywillige bydraes. **Die kerkrade sit dikwels met talle aansoeke vir ondersteuning, die een so verdienstelik soos die ander. Hier gaan dit om kerklike sowel as niekerklike instansies wat aanklop om hulp.** Verskillende dienste word op sinodale- of ringsvlak aangepak en van gemeentes word verwag om naas hulle plaaslike verpligtinge ook op 'n **puntebasis** vir sinodale dienste by te dra. Dit gaan hier om die koördinering van kerklike werksaamhede en oor sake wat nie deur 'n enkele gemeente alleen aangepak kan word nie. Hierdie verpligtinge plaas in tye van



ekonomiese druk só 'n groot las op die plaaslike gemeentes dat **nuwe geleenthede** eenvoudig afgestem word omdat die Kerk in breër verband nie vir die **nuwe uitdagings** kans sien nie. **Sodanige ondernemings word weliswaar goedgekeur mits dit nie enige verdere ekonomiese las op die sinode of ring sou plaas nie.** Die waarskuwing teen elke nuwe onderneming is dat ondernemings wat in die geloof begin word, later op die punte eindig. Om hierdie rede word sodanige pogings nie op die begroting geplaas nie. Hierdie ondernemings loop òf op niks uit nie, òf word deur 'n groep vrywilligers aangepak en deur hulle inisiatief aan die gang gehou. Ontevredenheid oor die onvermoë of onwilligheid van die Kerk om self verantwoordelikheid te aanvaar, lei dikwels daartoe dat dié soort onderneming sonder die nodige toesig en leiding van die Kerk 'n eie, dikwels afwykende, rigting inslaan of selfs op afskeiding uitloop. Nog 'n geleentheid het so vir die Kerk verlore geraak bloot vanweë 'n gebrek aan fondse; of is dit dalk vanweë 'n gebrek aan waagmoed, vertroue en visie by die Kerk?

## 11. ALTYD GENOEG FONDSE BESKIKBAAR!

**Die voorbeelde in die Bybel toon klokslag aan dat daar altyd genoeg fondse beskikbaar was vir bepaalde noodsituasies wanneer daar op gelowiges 'n beroep gedoen is tot milde bydraes.** Soms voorsien die Here 'n vermoënde persoon om in die behoeftes van sy boodskappers te voorsien (2 Kon. 4:8-11), soms 'n wonderwerk (1 Kon. 17:1-7), en dan weer 'n arm weduwee wat bereid is om haar laaste bietjie olie en 'n handvol meel te gee (1 Kon. 17:9-15). In al die voorbeelde het die seën van die Here nie uitgebly nie (1 Kon. 17:17-24; 2 Kon. 4:12-37). **Ons aanbid 'n God wat nie bankrot is nie.** Nooit was daar te veel sodat daarmee gemors kon word nie. **Maar daar was altyd genoeg om aan elke verdienstelike saak uitvoering te gee** (vgl. 2 Kor. 9:8-11). Dit behoort vandag vir ons almal tot aansporing te dien om in die geloof te waag indien die saak van God daarmee bevorder kan word.

## 12. 'N SENTRALE GELDKAS?

Miskien kan **'n sentrale geldkas,** waartoe in die jare van voorspoed deur alle gemeentes bygedra word, die ideale oplossing bied om in tye van ekonomiese insinking dié gemeentes en sake te ondersteun

wat dit langs die normale weg in sodanige tye moeilik vind om voldoende te presteer. **Was dit dan nie God se metode in die dae van Josef in Egipte om die destydse wêreld van 'n hongerdood te red nie! Hoe maklik sou dit nie gewees het nie om vandag die skuld op ons sinodale sentrums uit só 'n fonds af te los of om proponente sonder beroepe te help in hulle nood!**

Natuurlik kan só 'n stelsel tot allerhande misbruike aanleiding gee. **Maar die misbruik van 'n saak hef tog die gebruik daarvan nie op nie.** Miskien moet ons weer eens let op die miere, sodat ons wysheid mag bekom (vgl. Spr. 6:6; 20:25).

Reeds in die Ou Testament het die Here gesê dat daar nie armes onder sy volk moet wees nie (Deut. 15:4). As die volk al die gebooie gehoorsaam, sal daar oorvloed wees om ook die arme in dié voorspoed te laat deel (Deut. 15:1-6). **Daarom is die volk beveel om hulle hand vir die armes wyd oop te maak** (Deut. 15:7-11).

**Iets hiervan het in die eerste Christelike gemeente deurgebreek toe die gemeente 'n gemeenskaplike beurs gehad het** (Hand. 2:44, 45; 4:32-35). Die gemeentes is ook later versoek om nie die armes onder hulle te vergeet nie (vgl. Gal. 2:10). Ons het 'n plig teenoor diegene in nood (Spr. 21:13; Lev. 25:35 en 42; Luk. 10:29-37; Jak. 2:14-17; 1 Joh. 3:17, 18). Aanvanklik is die offergawes aan die voete van die apostels neergelê en hulle het die administrasie daarvan behartig (Hand. 4:37; 5:2; 6:2). Die Kerk het self die versorging van die armes behartig (Hand. 6:1-5). Toe die Kerk 'n organisatoriese eenheid geword het, het daar met die verkiesing van die eerste diakens 'n werksverdeling tussen die apostels en die diakens plaasgevind (Hand. 6:1-5).

## 13. DIE ARMES

**Die wonderlikste dinge word gesê in verband met die gee aan armes.** Die Bybel sê: "Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed" (Spr. 19:17). Van die rykes word gesê: "Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms sodat hulle die ware lewe sal verkry" (1 Tim. 6:18, 19). **Die gee van gawes bring oorvloedige dankbaarheid teenoor God mee by diegene wat dit ontvang** (2 Kor. 9:12). **Hulle sal aan God eer toebring en Hom prys oor ander se gehoorsaamheid aan die Evangelie en oor die gawe van mededeelsaamheid teenoor ander** (2 Kor. 9:13). **Hulle sal ook vir diegene bid wat aan hulle goed gedoen het** (2 Kor. 9:14). **Die een wat gee is inderdaad 'n deelgenoot aan die program van God om die gebede van die armes te verhoor** (Matt. 6:11). Wat 'n eer en voorreg is dit om te kan gee!



## 14. DIE EVANGELIEDIENAARS

**Wat die bedienaars van die Woord van God betref, was dit van die begin af die reël dat dié wat by die altaar gewerk het van die altaar moes lewe** (1 Kor. 9:6-14) **omdat die arbeider geregtig is op sy loon** (Luk. 10:7). **Die gelowige het 'n ereskuld teenoor almal wat met die Woord werk** (Rom. 15:26, 27; 1 Kor. 9:11; 3 Joh. verse 5-8). Christus en sy dissipels het offergawes van mense aanvaar (Mark. 15:41; Luk. 8:3). Paulus prys die Filippense dat hulle deel gehad het in sy rekening van uitgawe en inkomste (Fil. 4:10, 14-18; vgl. Rom. 15:24). Hy noem hierdie gawes 'n lieflike geur, aanneemlik en welgevallig vir die Here (Fil. 4:18). Hy spreek 'n seën uit oor hulle oor dit wat hulle vir hom gedoen het (Fil. 4:19).

**Nie alleen is daar 'n seën weggelê vir diegene wat die bedienaars van die Woord versorg nie, maar hulle word in die Bybel, op grond van hulle bydraes vir diegene wat die werk van die Here doen, as mede-arbeiders van die waarheid beskrywe** (3 Joh. verse 3-8). Op hierdie wyse kan ons met ons gawes verseker dat daar verlostes in die hemel op ons koms wag omdat hulle deur bemiddeling van ons bydraes by God uitgekom het (vgl. Luk. 16:9). **Ons bydraes vir die Kerk en Koninkryk bly steeds 'n godsdienstige handeling wat in die erediens sy hoogtepunt moet vind** (Deut. 16:16).

## 15. 'N TENTMAKERSBEDIENING?

**Die tentmakersgedagte** (vgl. Hand. 18:3, 26; 1 Kor. 9:6), **waardeur 'n leraar self vir 'n gedeelte van sy lewensonderhoud verantwoordelik is, kan seker nie met eer toegelaat word nie.** Die Bybel sê: "Wie dien ooit op sy eie koste as soldaat? Wie plant 'n wingerd en eet nie van sy vrugte nie? Of wie pas vee op en geniet nie van hulle melk nie? (1 Kor. 9:7). Ook: "'n Soldaat in aktiewe diens wat sy bevelvoerder tevrede wil stel, bemoei hom nie met die dinge van die gewone lewe nie" (2 Tim. 2:4; vgl. 2 Sam. 11:11). **Die be-**

**diening van die Woord verg van die Evangeliedienaar al sy krag, tyd, liefde, gewilligheid en toewyding. Niks moet sy aandag wegtrek van dit waarmee hy besig is nie.** Dit was slegs in tye van geestelike verval dat die geestelikes hulle met ander sake bemoei het (Neh. 13:10-14) of in gevalle van pionierswerk toe daar nog nie gevestigde gemeentes was wat in die behoeftes van hul leraars kon voorsien nie (vgl. Hand. 18:3), wat onder sodanige omstandighede nie van hulle reg gebruik maak om nie 'n hindernis in die weg van die Evangelie te lê nie (1 Kor. 9:6-14).

**Die materiële versorging van die bedienaars van die Woord het geheel en al 'n ander karakter as die loon en salaris van 'n arbeider of amptenaar.** Laasgenoemde is 'n vergoeding vir prestasie. Die werk van 'n leraar mag nie só gesien word nie. 'n Leraar behoort aan die gemeente (1 Kor. 3:21-22), is 'n dienaar van Christus en 'n bestuurder aan wie die geheimenisse van God toevertrou is (1 Kor. 4:1). Vir sodanige diens mag geen vergoeding aanvaar word nie, alhoewel die Evangeliedienaar van die Evangelie mag lewe (Matt. 10:7-10). Die vergoeding vir 'n leraar is dus slegs die versorging ten opsigte van 'n lewensonderhoud. Dit is geen liefdegawe nie, maar 'n verskuldigde lewensonderhoud (3 Joh. vers 8). In dié sin is die lewensonderhoud van 'n leraar nie 'n salaris nie, maar 'n gawe voor God, 'n offer met lieflike geur, vir die Here aanneemlik en welgevallig (Fil. 4:18). Dit moet dus geen hongerloon wees nie, hoewel die Evangeliedienaar moet weet om met alle omstandighede vergenoeg te wees (vgl. Fil. 4:11-13). 'n Hongerloon strek 'n gemeente wat tot beter in staat is, nie tot eer nie. 'n Leraar wat self geen finansiële probleme het nie, kan dit bekostig om sy volle aandag aan die geestelike opbou van die gemeente te gee. **Indien die Kerk egter nie in tye van voorspoed op die een of ander wyse spaar vir die maer jare wat mag kom nie, sal die gemeentes van tyd tot tyd om finansiële redes gedwing word om òf vakante poste te bevries, òf om tot die tentmakersbediening oor te gaan ten einde noodsaaklike dienste voort te sit. In beide gevalle lei die bediening skade.**

## 16. DIE GEE VAN TIENDES?

**Onder die Ou Verbond is meer as 'n tiende vereis.** Benewens die tiendes is daar ook by wyse van die eerstelinge-, brand-, spys-, reuk-, sond- en skuldoffers, die verpligte tempelbelasting (vgl. Matt.



17:24-27) en ander vrywillige bydraes offers aan die Here en sy saak gewy. Die Leviete wat die tiendes van die volk ontvang het (Num. 18:21-24), moes weer 'n tiende van die tiendes as 'n offergawe aan die Here afstaan (Num. 18:26).

Christus het die wet van Moses met al sy gebooie en bepalinge opgehef (Ef. 2:15; Kol. 2:14; Heb. 9:10), en daardeur is al die verskillende offergawes afgeskaf. Daarmee is ook die verpligte gee van ons tiendes afgeskaf omdat dit deel uitgemaak het van die wet met sy insettinge wat ons vyandig was (Lev. 27; Deut. 14:22-29).

Wanneer in die Nuwe Testament na die tiendes verwys word (vgl. Matt. 23:23; Luk. 11:42; 18:12; Heb. 7:8), hou dit steeds verband met die tempeldiens in die tyd van die Ou Verbond, 'n skadudiens wat in Christus vervul en tot afsluiting gebring is. **Die Ou Verbond loop tot op Golgotha, tot op Matt. 27:51; Mark. 15:28; Luk. 23:43 en Joh. 19:30.**

Die argument dat die gee van tiendes vóór die tyd van Moses al in gebruik was (Gen. 14:20; 28:22), en dus nie saam met die Ou Verbond verdwyn het nie, hou nie steek nie. Ook die besnydenis het vóór die tyd van Moses ontstaan (Gen. 17:10, 14), maar is by die Ou Verbond gevoeg (Lev. 12:3; Joh. 7:22, 23; Hand. 21:21) en het later saam met die Ou Verbond verdwyn (Gal. 5:1-4). Dieselfde reël geld vir die gee van tiendes.

**Dit beteken egter nie dat die gelowiges onder die Nuwe Verbond wat hulle bydraes betref geringer sal presteer nie. Al verskil is dat die gelowiges nou nie meer uit dwang nie** (2 Kor. 9:5, 7), **maar vrywillig** (2 Kor. 8:4), **blymoedig** (2 Kor. 9:7), **mildelik** (2 Kor. 8:2), **uit liefde** (2 Kor. 8:7) **en uit dankbaarheid gee** (2 Kor. 9:5). Die voorbeeld van Christus (vgl. Ef. 5:1, 2) wat self arm geword het om ons ryk te maak (2 Kor. 8:9), is vir ons die stimulus om uit liefde en dankbaarheid selfs bo ons vermoë te gee (vgl. 2 Kor. 8:3).

**Ons weet dat ons aan die Here gee van dit wat ons van Hom ontvang het** (1 Kron. 29:11-14; 1 Kor. 4:7). Daarom geld die beginsel van Ps. 116:12 ook vir die kinders van die Nuwe Verbond. "Hoe kan ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my?" Uit die hand van die Here het ons alles ontvang (Deut. 8:18; 1 Kron. 29:11-14; Matt. 5:45; Hand. 14:17; 1 Kor. 4:7; Jak. 1:17). Daarom moet ons aan God betaal wat Hom toekom (Matt. 22:15-22; Mark. 12:13-17).

## 17. DEBIETORDERS

**Indien ons 'n bepaalde voorneme te kenne gegee het, moet dit gestand gedoen word** (2 Kor. 8:10-12). **As ons 'n belofte gemaak het, moet ons nie versuim om dit na te kom nie** (2 Kor. 9:2-5). Dit is beter om nie te belowe nie, as wat dit is om te belowe en dan nie ons woord te hou nie, en dit dan 'n sondeskuld op ons laai (Pred. 5:1-6). Dit beteken egter nie dat ons moet bang wees om volgens 'n vaste voorneme te gee nie. **Die gee op 'n stelselmatige wyse word reeds in 1 Kor. 16:2 bepleit. Dit sou byvoorbeeld goed wees as alle lidmate deur middel van debietorders hulle bydraes sou gee.** Die Korintiërs moes bydra soos hulle hulle dit in die hart voorgeneem het (2 Kor. 9:7). Dit veronderstel 'n vaste onderneming waarop vooraf besluit word. Hierdie optrede kan vergelyk word met die gebruik om debietorders te teken. Dit werk ook bevrydend in op die gelowige om op 'n vaste voorgenome basis by te dra. Ons geldsake en ons bydrae moet op 'n ordelike wyse hanteer word (1 Kor. 14:40) omdat God 'n God van orde is (1 Kor. 14:33). Dit sal die kerkraad in staat stel om op 'n verantwoordelike en wetenskaplike wyse die begroting vir die gemeente op te stel.

## 18. VERDIENSTELIKHEID VAN ONS GAWES?

**Ons moet nie dink dat ons gawes vir ons iets verdien nie.** Jesus het by geleentheid gesê: "So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen" (Luk. 17:10).

## 19. DIE VERLOSTE AS OFFERGAWE

**Die verloste is as verloste 'n offergawe wat vir God aanneemlik is en deur die Heilige Gees geheilig is** (Rom. 15:16). Daarom word ons opgeroep om onsself as 'n lewende en heilige offer aan God te gee (Rom. 12:1, 2), in diens van God; as mense wat dood was, maar lewend gemaak is en elke deel van ons liggame in diens van God as werktuig gestel het om te doen wat God wil (Rom. 6:13). Dit sluit alles van onsself in (2 Tim. 4:6): ons lewe, ons gawes, ons tyd, ons besittings en ons materiële offers (Fil. 4:10, 16-18). **Die toewyding van ons hart en lewens aan die Here word in ons gawes verwerklik** (2 Kor. 8:1-5).



## 20. DIE LOON WAT ONS ONTVANG

**Die loon wat ons ontvang is geen verdienste nie; dit is genadeloon** (N G B 37). Tog word die loonmotief in die Bybel gebruik om ons tot die doen van goeie dinge aan te spoor (Gal. 6:9; 1 Tim. 6:19; Op. 22:12). Die Skrif verklaar: "Die verstandige leiers sal skitter met die glans van die hemel self, en dié wat baie mense op die regte pad gelei het, sal vir altyd skitter soos die sterre" (Dan. 12:3). Die Here Jesus het gesê: "Gee, en vir julle sal gegee word" (Luk. 6:38). En ook: "Dit verseker ek julle: Daar is niemand wat ter wille van My en ter wille van die evangelie afgesien het van sy huis of broers of susters of ma of pa of kinders of eiendom nie, of hy kry nou in hierdie tyd honderd keer soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en eiendom, saam met baie vervolging, en in die bedeling wat kom, die ewige lewe!" (Mark. 10:29, 30; Fil. 4:17).

## 21. SKRIFGEDEELTES WAT PERTINENT OOR BYDRAES HANDEL

### 21.1 1 Korintiërs 9:6-14

"Of is dit net ek en Barnabas wat nie die reg het om op te hou met die handearbeid vir eie onderhoud nie?
Wie dien ooit op eie koste as soldaat? Wie plant 'n wingerd en eet nie van sy vrugte nie? Of wie pas vee op en geniet nie van hulle melk nie?
Wat ek sê, is nie maar net alledaagse waarhede nie. Sê die wet dit nie ook nie?
In die wet van Moses staan daar tog geskrywe: "Jy mag nie 'n bees waarmee jy graan dors, se bek toebind nie." Is dit miskien oor die beeste dat God Hom bekommer?
Of sê Hy dit juis ter wille van óns? Ja, ter wille van ons is dit geskrywe. Hy wat ploeg, moet met verwagting ploeg, en hy wat dors, moet dit doen met die verwagting om sy deel te ontvang.
As ons vir julle die geestelike saad gesaai het, is dit dan te veel gevra as ons van julle die stoflike lewensonderhoud sou inoes?
As julle aan ander hierdie reg toestaan, kom dit ons dan nie nog meer toe nie?
Maar van hierdie reg het ons nie gebruik gemaak nie. Inteendeel, ons dra al die koste self sodat ons geen hindernis in die weg van die

evangelie van Christus sou lê nie.
Weet julle nie dat dié wat tempeldiens verrig, uit die tempel lewe, en dat dié wat die altaar bedien, uit die offers hulle deel ontvang nie?
So het die Here ook bepaal dat dié wat die evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van die evangelie moet ontvang."

Dié gedeelte handel oor die regte en die pligte van Evangeliedienaar.

Paulus verdedig die goeie reg van die Evangeliedienaar om nie vir sy eie lewensonderhoud hoef te sorg nie (verse 6-12). Hy wat vir ander die geestelike saad gesaai het, het reg om van hulle die stoflike lewensonderhoud te ontvang (vers 11). Hy en Barnabas het egter nie van dié reg gebruik gemaak nie ten einde geen hindernis in die weg van die Evangelie van Christus te lê nie (vers 12). Die Here het bepaal dat dié wat die evangelie verkondig, van die evangelie moet lewe (verse 12, 14).

## 21.2 1 Korintiërs 16:1-4

"Wat die kollekte vir die gelowiges in Jerusalem betref, moet julle ook maak soos ek dit in die gemeentes van Galasië gereël het.
Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie.
Wanneer ek dan gekom het, sal ek die manne wat julle daarvoor goedkeur, met briewe stuur om julle liefdegawe na Jerusalem toe weg te bring.
En as dit nodig is dat ek self ook gaan, kan hulle met my saamreis."

Hier vind ons 'n reëling vir 'n kollekte vir die gelowiges in Jerusalem soos dit vir verskillende gemeentes getref is (vers 1). Die opspaar van die bydraes moet op Sondag geskied (vers 2). Die bydraes moes dus stelselmatig plaasvind (vers 2). Elkeen word opgeroep om deel te neem (vers 2). Elkeen moet na sy vermoë bydra (vers 2). Elkeen moet self besluit oor die grootte van sy bydrae (vers 2). Meer as een persoon moet die dankoffers hanteer (verse 3, 4).

## 21.3 2 Korintiërs 8:1-14, 19-21

"Broers, ons wil hê julle moet weet van die genade wat die gemeentes in Masedonië van God ontvang het.



Al was hulle swaar beproef deur verdrukking, hulle blydskap was oorvloedig; en al was hulle arm, hulle was ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid.
Ek verseker julle hulle het na vermoë, ja, bo vermoë, bygedra.
Uit eie beweging het hulle by ons daarop aangedring om te mag deel in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges in Judea.
Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil.
Daarom het ons vir Titus versoek om hierdie liefdeswerk, waarmee hy vroeër by julle begin het, nou ook te voltooi.
Aangesien julle alles in oorvloed het: geloof, die gawe om julle woord te doen, kennis van God, onbeperkte ywer en ons liefde vir julle, wees dan ook in hierdie liefdeswerk oorvloedig.
Ek gee nie 'n opdrag nie, maar ek wys julle op die ywer van ander om daardeur die opregtheid van julle liefde te toets.
Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word.
Nou wil ek julle net raad gee om julle te help. Julle was verlede jaar nie alleen die eerste wat iets gedoen het nie, julle was ook die eerste wat gewillig was om iets te doen.
Maak die werk nou ook klaar. Die ywer om uit julle beskikbare middele die insameling af te handel, moet net so groot wees as die gewilligheid waarmee julle dit begin het.
As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie.
Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig."
"Afgesien daarvan is die broer ook deur die gemeentes gekies om met ons saam te reis as ons die liefdeswerk uitvoer wat ons onderneem het. Ons doen dit tot eer van die Here en as teken van ons hulpvaardigheid.
Op hierdie manier voorkom ons dat enigiemand ons dalk sou verdink in verband met so 'n groot som geld wat ons moet wegbring.
Ons is daarop gesteld om korrek op te tree, nie alleen voor die Here nie, maar ook voor die mense."

Paulus sê dat dit die genade van God is wat ons in staat stel om te gee (vers 1); om oorvloedig te gee (vers 2). Die gemeentes in Mase-

donië word as voorbeeld vir die Korintiërs voorgehou (verse 1, 2, 8). Hulle blydskap was oorvloedig. Alhoewel hulle baie arm was, was hulle ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid (vers 2). Hulle het bo vermoë bygedra (vers 3). Hulle het uit eie beweging daarop aangedring om deel te mag hê in die liefdeswerk van hulpverlening (vers 4). Hulle het hulleself eers aan die Here gegee en toe aan die versoek om te gee. Dit is soos God dit wil (vers 5).

Paulus spoor die Korintiërs aan tot oorvloedigheid (verse 6, 7). Hy wys hulle op die ywer van ander om daardeur die opregtheid van hulle liefde te toets (vers 8). Christus word as voorbeeld voorgehou. Hy, wat hoewel hy ryk was, ter wille van ons arm geword het, sodat ons deur sy armoede ryk kan word (vers 9). Paulus beklemtoon die belangrikheid van ewewig of gelykheid waarin die een wat het, gee volgens wat hy het aan dié wat nie het nie (verse 10-15). Meer as een persoon is afgevaardig om die bydraes te hanteer om te voorkom dat enigiemand hulle mag verdink in verband met so 'n groot som geld wat hulle moes wegbring (verse 16-24).

### 21.4 2 Korintiërs 9:1-15

"Eintlik is dit oorbodig dat ek aan julle skrywe oor die hulpverlening aan die gelowiges in Judea.
Ek weet dat julle graag wil help, en ek het al by die Masedoniërs met lof oor julle gepraat. "Agaje," het gesê, "is al 'n jaar lank reg om te help." Julle ywer het ook die meeste ander aangespoor.
Nou stuur ek hierdie broers sodat ons woorde van lof oor julle in hierdie aangeleentheid nie leë woorde sal wees nie. Ons wil hê dat, soos ons die ander vertel het, julle klaar reg sal wees om te help.
Anders, as daar Masedoniërs saam met my kom en hulle sien julle is nog nie gereed nie, sal ons ons skaam oor ons vertroue in julle — om nie eens te praat van julle eie skaamkry nie.
Daarom het ek dit noodsaaklik geag om die broers aan te spoor om vooruit na julle toe te gaan. Hulle moet die dankoffer wat julle vroeër beloof het, vooraf in orde bring. Dan sal dit daar gereed wees as 'n werklike offer van dankbaarheid, en nie as iets wat afgepers is nie.
Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes.
Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.
En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat



julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.
Daar staan ook geskrywe: "Hy deel uit en gee aan die armes; hy bly altyd vrygewig."
God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.
Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees. Deur ons bemiddeling het julle vrygewigheid tot gevolg dat God gedank word, want die bediening van hierdie hulpbetoon voorsien nie alleen in die behoeftes van die gelowiges in Judea nie, maar bring ook oorvloedige dankbaarheid teenoor God mee.
Deur hierdie duidelike bewys van julle bereidheid om te dien, sal daar baie wees wat aan God eer toebring. Hulle sal Hom prys oor julle gehoorsaamheid aan die evangelie van Christus wat julle bely, en oor julle opregte mededeelsaamheid teenoor hulle en teenoor al die ander.
Hulle sal ook vir julle bid en met verlange aan julle dink, omdat die genade van God oor julle so oorvloedig was.
Ons dank God vir sy onuitspreeklike gawe."

Paulus het die Korintiërs by die Masedoniërs geprys (vers 2). Hulle ywer het die meeste ander aangespoor (vers 2). Paulus herinner hulle aan wat hulle vroeër beloof het en spoor hulle aan om hulle beloftes gestand te doen (verse 2-6). Hulle bydrae moet 'n werklike offer van dankbaarheid wees en nie as iets wat afgepers is nie (vers 5). Daar is loon in ooreenstemming met die maat waarvolgens ons gee (vers 6). Die bydra moet nie uit teensin of uit dwang wees nie, want God het 'n blymoedige gewer lief (vers 6). Hy spreek die wens uit dat God aan hulle oorvloedig mag gee sodat hulle volop mag hê om by elke geleentheid vrygewig te kan wees (verse 8-11). Hulle bydraes voorsien in die behoeftes van die gelowiges in Judea (vers 12). As gevolg van hulle bydraes word God gedank en geprys (verse 11-13). Hulle word in die gebede aan God opgedra deur die wat hulle bydraes ontvang (vers 14).

## 22. RIGLYNE VIR LIDMATE

Die volgende riglyne kan vir die lidmate neergelê word:

22.1 Ons bydraes moet individueel vasgestel word (1 Kor. 16:2);

22.2 moet na ons vermoë gegee word (Deut. 16:17; 1 Kor. 16:2; 2 Kor. 8:12);
22.3 moet stelselmatig gedoen word (1 Kor. 16:2);
22.4 moet met mededeelsaamheid verband hou (Heb. 13:16);
22.5 moet ruim en oorvloedig wees (2 Kor. 8:7; 9:6);
22.6 moet vrywillig afgestaan word (2 Kor. 8:4; 9:5, 7);
22.7 moet ons oorgawe aan Christus bevestig (2 Kor. 8:5);
22.8 moet die egtheid of opregtheid van ons liefde aandui (2 Kor. 8:8, 24);
22.9 moet die voorbeeld van Christus weerspieël (2 Kor. 8:9);
22.10 moet God verheerlik (2 Kor. 9:12-15);
22.11 moet 'n goeie bydrae wees (Deut. 15:21; 17:1; Mal. 1:7, 8, 13, 14);
22.12 moet blymoedig gegee word (2 Kor. 8:2; 9:7);
22.13 moet die koninkryk van God uitbrei (Matt. 6:19-21, 33; Luk. 12:33, 34; 16:9) en ons
22.14 moet dadelik gee, as ons het om te gee (Spr. 3:27, 28). Iemand wat dadelik gee, gee dubbeld!

## 23. RIGLYNE VIR DIE KERKRADE

23.1 Die bronne van inkomste vir die Kerk bestaan uit dankoffers, eredienskollektes, deurkollektes, basaars, verkopings, staatstoelaes, erflatings, ensovoorts.

23.2 Die doel met die bydraes is die lewensonderhoud van die leraars en salarisse van die amptenary wat in diens geneem word; die oprigting en instandhouding van kerklike geboue; diens van barmhartigheid; evangelisasie en sending; alle kerklike dienswerk in plaaslike en breër verband en alle sake waartoe die kerkraad van tyd tot tyd mag besluit.

23.3 Die bydraes kan deur die lidmate na die erediens gebring word, of kan deur die diakens by die lidmate afgehaal word (Mal. 3:10; 2 Kron. 34:9).

23.4 Vir sake wat nie deur die plaaslike gemeente alleen hanteer kan word nie, moet bygedra word vir kerklike werksaamhede in breër verband (vgl. 2 Kor. 8 en 9).

23.5 Die gedagte aan 'n sentrale geldkas kan ondersteun word en daarvoor kan eweredig op 'n puntebasis bygedra word. Miskien kan die reeds bestaande Sinodale Bedieningsfondse, wat hoofsaaklik uit Pinksterdankoffers gevoed word, vir hierdie doel verder uitgebou word (vgl. Hand. 4:32-37).

23.6 Aansoeke om bydraes van nie-kerklike instansies of aangeleenthede, moet met groot versigtigheid en verantwoordelikheid hanteer word. Wanneer bydraes van die lidmate spesifiek vir kerklike sake gegee is, moet dit eerbiedig word. Kerkgeld mag egter nie korban verklaar word (vgl. Mark. 7:9-13) om sodoende ander verantwoordelikhede te probeer ontduik nie (vgl. Luk. 10:29-37; 1 Tim. 5:8). Daar mag situasies ontstaan wanneer kerkgeld vir nie-kerklike sake gebruik mag word, soos toe Dawid en sy manne die offerbrood geëet het toe hulle honger was (1 Sam. 21:1-6; Matt. 12:3, 4).

Die Kerk mag nie die natuurlike lewe as minderwaardig verag of verwerp nie, maar moet dit in dankbaarheid aanvaar as genadegawes wat van God kom. As dit blyk dat in die wêreld dinge geleer en gedoen word wat as die legitieme vrug van die Christelike geloof erken kan word, moet die Kerk dit nie afwys net omdat dit nie direk van die Kerk afkomstig blyk te wees nie. So 'n reaksie is teenproduktief en verkeerd. Sulke sake kan selfs met kerkgeld ondersteun word. Die lewe word grootliks verryk deur die algemene openbaring. Selfs in die heidense godsdienste is nie alles dwaling nie. Die algemene openbaring het nie alleen betekenis vir die wêreld wat buite die Christendom lê nie, maar is ook vir die Christendom van die grootste belang. Dit dien byvoorbeeld in die groot wêreld as beteueling teen die voortwoekering van die sonde, anders sou die wêreld in 'n hel verander het. Daarom kan sekere sake in die wêreld met 'n goeie gewete met kerkgeld ondersteun word, mits dié sake wat gehelp word nie in stryd is met die belange van Kerk en Koninkryk nie. Kerkgeld mag nie vir geweld gebruik word nie (Sag. 4:6; 2 Kor. 10:4). Ook in dié geval hef die misbruik die gebruik nie op nie. "Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges" (Gal. 6:10).

23.7 Die reëling om op 'n stelselmatige wyse vir die Kerk by te dra, moet by die lidmate aangemoedig word. Die gedagte

aan debietorders kan as moontlike keuse van optrede by lidmate aanbeveel word.

23.8 Die bydraes wat aan die kerkraad oorhandig word, moet behoorlik gekontroleer word. Dit behoort deur meer as een persoon hanteer te word (Hand. 11:30; 1 Kor. 16:3; 2 Kor. 8:16-21, 23).

23.9 Die kerkraad moet toesien dat die kerkgeld op 'n verantwoordelike wyse spandeer word (Luk. 16:10, 12).

23.10 Die gemeente behoort op hoogte gebring te word met die gemeentelike verpligtinge.

23.11 Die begroting vir die gemeente behoort aan die gemeente voorgelê te word; die gemeente moet in die loop van die finansiële jaar met die ontwikkeling van die inkomstes en uitgawes op hoogte bly.

23.12 Die kerkraad mag die lidmate tot oorvloedigheid aanspoor (2 Kor. 8:7).

23.13 Die gemeente mag deur die voorbeeld van ander gemeentes aangespoor word om oorvloedig te gee (2 Kor. 8:1-6 en 2 Kor. 9:2-5).

23.14 Bybelse voorbeelde soos dié van die arm weduwee mag gebruik word (Mark. 12:41-44).

23.15 Die voorbeeld van Christus self mag genoem word (2 Kor. 8:9; Joh. 13:34).

23.16 Die loonmotief mag gebruik word (2 Kor. 9:6; Mark. 10:29, 30, 42; Luk. 5:1-6; 1 Tim. 6:17-19).

23.17 **Die kerkraad moet daarteen waak om nie 'n te swaar skuldlas op die gemeente te lê nie.** Dit is die reël dat gemeentes haastig word om 'n eie kerksentrum te bekom. Voordat die kompleks gebou is, stroom die bydraes met groot entoesiasme in. Sodra die gebou voltooi en ingewy is, kom die bydraes vir die afbetaling van die balans op die lening egter maar bra stadig in. Nou betaal die gemeente rente op rente. Dit kan 'n neerdrukkende uitwerking op die gemeente hê wanneer daar slegs gespook word om die rente af te los. Die argument word gebruik dat dit nie help om eers die geld bymekaar te maak nie omdat inflasie en die styging in boukoste in elk geval die tweestryd wen.

Die Skrif leer natuurlik dat as ons 'n gebou wil oprig, ons eers moet sit en die koste bereken om te sien of ons genoeg geld het om die werk te voltooi (vgl Luk. 14:28-30).



Dit beteken nie noodwendig dat ons eers al die fondse bymekaar moet kry voordat ons mag bou nie. 'n Kerkraad wat besluit om te bou, moet die vermoë van die lidmate en die gemeente kan bepaal. Dit is die middele waaroor hulle beskik om mee te bou, al sit die geld nog in die sakke van die lidmate. Die Kerkraad moet weet dat as hulle 'n goeie saak najaag, die lidmate hulle sal ondersteun. As 'n beoogde projek werklik nodig is vir die opbou en uitbreiding van die Koninkryk, sal die gemeente graag wil help bou. Die geld hoef dus nie alles vooraf bymekaar gemaak te word nie; die gemeente kan bydra soos die projek stap vir stap vereis.

**Dit is oor en oor bewys dat dit die gemeente loon om self die bouprojek aan te pak en te bou soos wat die geld beskikbaar raak.** Nie alleen stimuleer dit die entoesiasme om vir die projek fondse in te samel nie, maar veral bied dit geleentheid aan die lidmate om ooreenkomstig hulle beroepe en talente hulle samewerking vir die bouprojek aan te bied. Die lidmate leer mekaar beter ken en leer om mekaar te waardeer vir die onderskeie gawes wat die Here aan elkeen gegee het. Wat 'n vreugde en geestelike triomf is dit vir die gemeente om elke keer nog 'n gebou kontant in te wy, nog 'n mylpaal vir die geestelike groei van die gemeente te behaal.

**Ons kan hierdie advies nie sterk genoeg by kerkrade aanbeveel nie; en wel om die volgende redes:**

i die stygende inflasiekoers;
ii die probleem om geskikte ambagslui te kry;
iii swak dienslewering as gevolg van 'n bepaalde gebrek aan trots by sommige ambagslui;
iv kostestyging van boumateriaal;
v duurder arbeid;
vi bekwame lidmate wat beskik oor genoeg vrye tyd om hulleself vir so 'n uitdaging aan te bied;
vii die kweek van 'n goeie verhouding tussen almal wat by die projek betrokke is;
viii die geleentheid vir lidmate om die talente en gawes wat hulle ontvang het, saam met ander gelowiges in diens van Kerk en Koninkryk te stel, en

ix die groot besparing aan geld wat dit vir die gemeente meebring.

## 24. STELLINGE

24.1 Die Here moet uit die "eerstelinge" van ons inkomste geëer word. Ons moet eers aan die Here gee en daarna ons begroting opstel (2 Kon. 4:42). Dit geld ook vir die evangeliedienaar (vgl. Num. 18:26).

24.2 Die Here het 'n welgevalle in bydraes en neem dit aan as 'n lieflike geur (Mark. 15:41; Luk. 8:3; Fil. 4:10; 16-18).

24.3 Ons bydraes word deur God raakgesien (Hand. 10:1-4).

24.4 Die Here aanvaar nie noodwendig alle bydraes nie (Gen. 4:4, 5; Jes. 1:13-15; Hand. 8:18-21).

24.5 Die Here kan nie deur ons offers gepaai word nie (1 Sam. 15:9-23; Ps. 51:18, 19; Miga 6:6-8).

24.6 Ons bydraes moet goeie bydraes wees (Lev. 22:21, 22; Deut. 15:21; 17:1; Mal. 1:7-9).

24.7 Die Kerk doen sy werk met of sonder geld (Hand. 2:44, 45; 3:6).

24.8 Die gesindheid waarin ons gee, is van beslissende belang by die gee van ons gawes (1 Kron. 29:9; Ps. 51:18, 19; Miga 6:6-8).

24.9 Die bydrae en die een wat bydra, kan nie geskei word nie (Gen. 4:2-5).

24.10 Ons moet onsself eers aan die Here gee en daarna aan die Here ons bydraes gee (2 Kor. 8:5).

24.11 'n Karige bydrae van die ryke is 'n aanduiding van 'n gebrekkige verhouding tussen die gelowige en sy Verlosser (vgl. Luk. 12:19-21).

24.12 Hebsug en gierigheid is niks anders as afgodery nie (Luk. 12:15-21; Ef. 5:5; 1 Tim. 6:10).

24.13 God beoordeel elke gawe na die middele waaroor ons beskik (2 Kor. 8:12).

24.14 Ons is slegs rentmeesters en bestuurders van dít wat aan God behoort (Ps. 24:1; 50:9-13; Hag. 2:8; Lev. 25:23).

24.15 Ons skenk aan God wat ons van Hom ontvang het (1 Kron. 29:11-14).

24.16 God skenk met 'n ongelyke hand (1 Sam. 2:7) sodat ons deur die daad van mededeelsaamheid (Heb. 13:16) kan sorg dra dat daar gelykheid kan wees (Eks. 16:16-18; Hand. 2:44, 45; 4:32-35; 2 Kor. 8:12-15).



24.17 Die Here beveel ons om ons geld te gebruik om sy Koninkryk uit te brei (Luk. 16:9; Matt. 6:19-21).

24.18 As ons ons ore toehou vir die geroep van die arme, sal ons self ook roep en nie gehoor word nie (Spr. 21:13).

24.19 Wie aan die armes gee, leen aan die Here (Spr. 19:17).

24.20 Die rykes moenie alles gee nie, maar moet mildelik bydra (1 Tim. 6:18).

24.21 Die Here gebruik sonder om te vra wat ons besit, maar beloon ons oorvloedig daarvoor (Luk. 5:1-9).

24.22 Die wat gee, ontvang (Luk. 6:38).

24.23 Wie volop saai, sal volop oes (2 Kor. 9:6).

24.24 **Daar was in die tyd van die Bybel altyd genoeg fondse beskikbaar wanneer dit werklik vir bepaalde behoeftes nodig was** (2 Kor. 8 en 9).

24.25 'n Sentrale geldkas kan in tye van nood van groot waarde wees (vgl. Hand. 4:32-35).

24.26 Ons gawe bring diepe dankbaarheid teenoor God by diegene wat ons gawes ontvang (2 Kor. 9:12).

24.27 Diegene wat ontvang, prys die Here oor die daad van mededeelsaamheid van dié wat gee (2 Kor. 9:13).

24.28 Hulle wat ontvang, bid vir diegene wat gee (2 Kor. 9:14).

24.29 Dié wat gee word 'n deelgenoot in die program van God om die gebed van die arme te verhoor deur die een wat gee (Matt. 6:11).

24.30 Die evangeliedienaars moet van die evangelie lewe (1 Kor. 9:6-14).

24.31 Die tentmakersbediening is slegs in 'n pioniersituasie geoorloof (Hand. 18:3), maar strek die gevestigde gemeente, wat daartoe in staat is, nie tot eer as daar nie in die volle lewensonderhoud van hul leraar deur die gemeente self voorsien word nie (1 Kor. 9:6-14; 2 Tim. 2:4).

24.32 Die gee van tiendes het saam met die Ou Verbond as voorskrif verdwyn (Ef. 2:15; Kol. 2:14; Heb. 9:10).

24.33 Die gelowiges van die Nuwe Verbond gee nie uit dwang nie (2 Kor. 9:5, 7), maar vrywillig (2 Kor. 8:4), blymoedig (2 Kor. 9:7) mildelik (2 Kor. 8:2), uit liefde (2 Kor. 8:7) en uit dankbaarheid (2 Kor. 9:5).

24.34 Ons behoort stelselmatig te gee (1 Kor. 16:2) en 'n debiet-

order kan help om volgens 'n vaste voorneme (2 Kor. 9:2-5) by te dra.

24.35 Ons bydraes besit geen verdienstelikheid nie (Luk. 17:10).

24.36 Die verloste is 'n offergawe wat vir God aanneemlik is en deur die Heilige Gees geheilig is (Rom. 15:16).

24.37 Die loon wat ons ontvang is geen verdienste nie, maar is genadeloon (N G B 37).

24.38 Deur ons bydraes vir die evangeliedienaars word ons medewerkers in diens van God (Matt. 6:19-21; Luk. 16:9; 3 Joh. vers 8).

24.39 Gebrek aan fondse dwing die Kerk telkens om ondersoek in te stel of die gelowiges nie 'n saak het om met God uit te maak nie (vgl. Hag. 1 en 2). Dan sal God hulle sondes vergewe en hulle land genees (2 Kron. 7:13-15), en dan sal daar genoeg wees om by elke geleentheid vrygewig te wees (2 Kor. 9:8-11).